

Hebreërs 4:12-13
Sexagesimä 31 Jan. 2016



Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.

Liewe gemeente,

goeie more! (wag vir antwoord) Sien daar ... reeds hierdie woord van my het 'n effek op mense. Wat as klankgolwe vanuit my mond na julle toe gegaan het, is omgesit in sin en betekenis - en julle het gereageer. Dit is uniek aan mense; as geestelike wesens is ons gemaak vir die woord. Alhoewel ons weet dat ook diere (en op 'n sekere mate ook plante) op klankgolwe reageer, is dit die mens wat met sy vermoëns sin en betekenis daaraan heg.

Mag ek nog 'n vraag aan elkeen stel? Wanneer het jy laas van 'n preek gesê: „Wow, dit is presies wat ek vandag nodig gehad het?” Ek self as prediker mag dalk by myself dink: wel, dis was nou nie so waffers goed nie, maar na die diens kom iemand na my toe en sê: “Baie dankie; dit was presies vir my bedoel!” Ek het geen idee hoe God dit doen nie, maar God doen dit. Of die dagverse wat ek elke oggend per Whatsup-groep *vers vir die dag* uitstuur ... soms kom 'n reaksie van iemand wat sê - dit was vir my bedoel. Julle weet, van my selfoon druk ek maar net knoppies maar God maak iets van daardie Woord; ek “stuur” net en het geen idee wat daarvan sal word nie. Dis God wat die saad op goeie grond laat val, reg in 'n mens se hart.



Die Woord van God is lewendig en kragtig.

Ek hoop en vertrou dat jy die Bybel ewe-eens só kan sien. Daar's baie ander opvattinge. Sommiges sien dit as 'n oer-oue argaïese boek wat dalk nog interessante wysede mag bevat maar nie eintlik relevant is nie. Wie neem nou die Bybel om 'n motor-ingen reg te maak? Nee, dis nie 'n tegniese boek om wetenskap mee te beoefen nie. Wie sal die Bybel in die hand na die parlement toe neem? Nee, dis nie 'n partypolitieke boek om 'n verkiessingsveldtog mee te loots nie. Wie neem die Bybel saam op die aandelebeurs? Dis ook nie 'n boek met resepte om vinnig ryk te word nie. So, dis verstaande dat baie mense sommer die Bybel eenkant toe gooi en dink, dis irrelevant vir ons moderne mense vandag.

En tog kan ons van die staanspoor daarvan uitgaan dat hierdie boek die mees nagevorsde, die mees beproefde en op wetenskaplik manier bevestigde boek te wêreld is. Daarby is die Bybel ook die mees gekoopte “best seller” boek vir eue lank (en so terloops, die boek wat die meeste uit winkels en biblioteke gesteel word). Wat maak die boek dan tog só belangrik? Is dit nie juis wat ons vandag hoor: dié Woord spreek tot menseharte. Dit is die geopenbaarde Woord wat instaat is om mense te verander. Is dit nie ongelooflik dat daar dinge gebeur wat onverklaarbaar is.

Inderdaad, ons gee toe dat daar die element van geloof is: ons glo - dit is woord God.

Dink maar aan die Emaüs dissipels toe Jesus met hulle na die opstanding geloop het. Hulle was bedroef en Jesus sluit by hulle aan en vra “onskuldig”: wat's nuus? Wat gaan aan? En hulle vertel vir Hom die gebeure te Jerusalem en dat Jesus gekruisig was en dat hulle gehoop het dat Jesus Israel sou verlos, ens. En toe begin Jesus met hulle die skrif uiteensit. Vir my is dit verbasend dat hulle die geskrifte geken het. Ek dink nie dat Jesus daar een boekrol na die ander uitgepluk het terwyl hulle op pad was nie - dit was alles in hulle koppe maar hulle het die samehangende gedeeltes nog nie verstaan nie. En terwyl Jesus verduidelik, lees ons, het hulle harte “gebrand” – weens die Woord wat Hy met hulle gedeel het. Dit moes 'n wonderlike Bybelstudie gewees het wat hulle nooit weer vergeet het nie. En uiteindelik kom hulle by die huis te Emaüs en hulle nooi hierdie man uit, en terwyl hulle aan tafel sit, neem Hy die brood, dank en breek dit en gee dit vir hulle. Toe skielik met die woord en die breek van die brood, gaan hulle oë oop en hulle sien en erken: dit is HY! Dit is Hy waarvan *die geskrifte* nog al die pad gepraat het.

Ek het geen idee hóé God dit doen nie, maar Hy doen dit. Wanneer jy en ek hierdie Woord met mekaar deel, gebeur daar dinge wat onverklaarbaar is: Ons verstaanshorison word verbreed, ons gedagtes word geskommel en weer nuut georden, ons insigte verdiep, ons emosies gelei, ons verhoudings genees.

Hierdie Woord het die vermoë om lewensvrae te beantwoord soos geen ander boek nie. Elke mens moet vrae beantwoord soos: Hoe het die wêreld begin? Wat is die sin in die lewe? Hoe sal ek met vertroue die lewe tegemoed gaan? Waarheen gaan ek na die dood, ens? Die wetenskap kan slegs gedeeltelik sekere soort wetenskaplike antwoorde gee, maar hulle weet ook nie.

{Bv. Niemand was daar toe die wêreld ontstaan het nie- dus berus wetenskaplikes se uitsprake ook maar net op teorieë - vir my is dit ook 'n soort *geloof*. Want niemand kan die sogenaamde “oerknal” bewys nie; dis maar wat mense glo. Terwyl die skeppingsverhaal nie getalle uitwys nie, is die oerknal-teorie op 'n groot klomp getalle gebaseer; maar hierdie getalle verander voortdurend en die teorieë word herhaaldelik aangepas. Dis ok, dis opwindend en interessant maar dis mensewoord. En gou-gou bereik mense hulle grense. Jy kan vrae byvoeg soos: “Wie of wat het die oerknal veroorsaak as dit dan plaasgevind het? Wie het die natuurwette in plek gesit? En is daar iemand wat uitsluitend eendag rekenskap van ons sal vereis?” Wetenskaplikes kan sulke soort vrae nie met syfers beantwoord nie. Die wetenskap weet nie van 'n hemelse Regter nie. Daarom openbaar die Woord van God ons hierdie aangeleentheid. Bybelgelowiges sien baie méér as wat met die blote oog waargeneem of met wiskunde bereken kan word. }

Wat is die regte waardes om na te streef in die lewe? Moet jy jouself opoffer vir ander of leef jy maar net vir jouself? Dit blyk asof elkeen maar net vir hom of haarself besluit. Maar **die Woord van God is duidelik**. En die Woord van God verduidelik ... Ons mag dalk dink: ons woede teenoor sekere mense of rasse kan geregverdig word - God se Woord noem dit *sonde*. Ons mag dalk dink, ons pas maar net aan by alle mense in die samelewing - God se Woord sê: moenie aan hierdie wêreld gelyk word nie. Ons mag sê, laat-aand erotiese films is maar net prikkelend vir emosies - God se Woord noem dit lus en egbreuk. Ons mag dalk sê “jammer”, maar God se Woord sê: nee, jy's net jammer dat jy uitgevang is, en nie jammer oor jou oortreding nie. Ons sê dalk, ons leen net iets permanet, maar God se Woord sê: dis steel van iemand anders. Ons dink dalk, ons werk hard, maar God se Woord sê: nee, dis afgodery want jy maak ander dinke meer belangrik as My en jou gesin.

En ook positief plaas God se Woord die dinge in die regte perspektief ... Ons mag dalk dink, ons is niks werd nie, maar God se Woord sê: jy's in ewigheid bemind. Ons mag dink, daar's geen hoop nie, maar God se Woord sê: EK is in beheer en alle dinge moet jou ten beste dien. Ons dink, ons het veels te veel dinge verkeerd gedoen, maar God se Woord sê: jou sondes is vir jou vergewe. Ons dink, siekte en tragedies vernietig die lewe, maar God se Woord sê: Kyk, Ek maak alles nuut. Ons vrees die einde van die lewe, die dood, maar God se Woord sê: nee, nou begin die regte, hemelse lewe.

Die Woord van God praat duidelik. En ek wil mos verstaan wat aangaan; ek wil dat my lewe sal uitwerk en gelukkig sal wees - en juis daarvoor is hierdie boek bedoel. Neem dit en lees.

En tog is daar 'n sekere houding wat nodig sal wees sodat hierdie Woord ook inderdaad jou hart positief bereik.

(1) Eerstens sal ons bereid moet wees om die boek in die hand te neem en te lees.

Dis soos wanneer ek laas jaar iets in my onderlyf iets vasgestel het; iets het hier in my liggaam begin groei wat ek gedog het, is nie so lekker nie. En ek kon dit gelos het, maar vroër of later (en met die aanmoediging van my liewe vrou) het ek dan tog dokter toe gegaan.

En wanneer ek dokter toe gaan, moet ek nie verwag dat die dokter vir my sal sê: “Pêl, jy's alright, jy kan maar net so aangaan soos altyd; alle mense is lief vir jou; daar's niks om oor bekommerd te wees nie.”

Maar dis wat sommige mense sal verwag wanneer hulle na God toe gaan. Hulle loop daarheen waar net vir hulle gesê word: “Jesus loves you; He will bless you. Be happy en enjoy the best life now!” (ek verwys na Joel Osteen se heretiese boek “Your best life now”.) Nee, ek sal bereid moet wees dat die dokter vir my sal sê: “Meneer, hierdie ding lyk sleg, ons sal moet opereer.”

Dus, ek sal nie net tyd moet neem nie, maar ook bereid moet wees dat die regte diagnose gedoen sal word. En wanneer dit by my lewe as geheel gaan, is daar nie 'n beter dokter as die Woord van God nie. *Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.*

(2) Ons sal moet toelaat dat nie slegs die diagnose gedoen word nie, maar ook 'n operasie uitgevoer en herstel-tyd toegelaat word. En laas jaar, toe ek die operasie ondergaan het, het ek gedink, binne 'n paar dae is ek weer reg. Maar nee, vir drie maande was ek nog al baie pieperig, neerslagtig en het die herstel van die liggaam maar baie stadig voortgegaan. En ek moes vir drie maande lank die wond reinig, ontsmet en mooi behandel. Raai wat - dit neem tyd.

En wanneer die Woord van God byvoorbeeld sê: die liefde van God is geduldig, verdraagsaam, eerlik, vriendelik, ens ... dan moet ek myself vra: Is ek so? Het ek die liefde van God? En as ons nadink, sal ons seker antwoord: Wel, miskien nie heeltemal nie, so nou en dan." Maar dis nie wat genesing beteken nie. Dit wil sê, ons sal daagliks die wond moet ontsmet. En hoe doen ons dit? Die klein Kategismus leer vir ons: deur daaglikse berou en bekering. En hoe doen jy dit? Antwoord: jy moet tyd maak vir God se Woord, vir nadenke en doelbewuste gebed.

(3) Soos reeds gesê: die Woord van God is **persoonlik**. Wanneer ons byvoorbeeld bid: vergeef ons ons oortredings... Dan stop bietjie en dink na: wát moet die Here vir my vergewe? En jy sal gou agterkom dat daar 'n hele reeks van gebeure, optredes, gedagtes en woorde was wat die Here asseblief moet vergewe, wat die Here asseblief nie in sy boek moet aanteken nie. Noem die dinge by name wat die Here wil genees.

(4) Persoonlike groei vind plaas deur **die Woord te deel**. Daar's 'n dubbele voordeel gekoppel wanneer ons onderlings oor die Woord van God praat. Julle weet wat ek die graagste wil doen? Ek wil graag die Woord deel - in die gesin, Bybelstudies, in pastorale gesprekke, in onderrig ... want soos ek oor die dinge praat, begin ek self meer insig kry in waaroor ek praat. Die Woord van God word duideliker soos ek dit deel.

Plus: die Woord van God word oorgedra aan ander. En hier kan ons baie voorbeelde noem dat dinge gebeur wanneer ons die Woord van God met mekaar deel – soos die Emaüs-dissipels. **Ander mense kom tot insig**. En nog meer: Weet julle waarom boekvat met die gesin so waardevol is, waarom gemeentekampe so verrykend is, waarom Bybelstudie saam met ander so wonderlik kan wees? Omdat ons saam in die Woord ook **die gemeenskap van gelowiges** ervaar. In die Woord is God self, en soos ons die Woord met mekaar deel, ervaar ons God in ons midde. Onthou Jesus se belofte: waar twee of drie in my Naam vergader - daar is Ek in hulle midde.

(5) **Maak wat jy gelees en geleer het, 'n saak van gebed**. Wanneer jy 'n gedeelte gelees het, dink daaroor na en gaan eers dan oor tot gebed. Ek oefen dit met elke katekisant of mense wat nuut by ons gemeente wil aansluit. Die Woord van God is só relefant in ons alledaagse lewe dat jy dit later glad nie wil mis nie. Ek het reeds genoem wanneer ons bv bid vir sondevergnis - noem die sondes op. Of wanneer jy sukkel met jou baas by die werk - Here, leer my wat ek kan doen sodat die situasie verbeter. Of wanneer ons kinders groot maak: Here, dis u kinders, leer my dat ek hulle u liefde kan wys sodat ook hulle lief word vir jou. Of ook in die werkssituasie: Here, ek is besig om u skepping te ontdek; dis 'n vreugde om medisyne, met syfers, met motordele te werk want Here dankie dat U my gebruik dat die lewe kan aangaan.

Soos ek aan die begin gesê het: goeie more! Toe het julle geantwoord. So roep die Here ons nou op: Leef in my Woord. Sien, nou moet jy nadink en antwoord op hierdie oproep. En God ken alle bedoelinge van die hart. Niks is voor Hom verborge nie. Mag wees dat jy op jou bevestigingsdag reeds 'n belofde gemaak het. Mag wees dat jy dit vandag wil bevestig - dan doen dit voor God in stilte, voor jou huweliksmaat, of 'n vriend(in) of jou pastor. God gee Homself geheel en al, sodat ons onself geheel en al aan Hom mag toewy.

Mag God daartoe sy genade en versterkende Woord gee. *Soli Deo Gloria* = aan God alleen die eer! Amen.

En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, die waak hou oor julle gedagtes en gevoelens in Christus Jesus, onse Here. Amen.


Net so terloops as bonus (on the side line)

Vandag is die Bybel in baie tale vertaal. Dele van die Bybel is selfs in ± 1700 tale te vinde. Daar word geskat dat die Bybel tussen 1815 en 1975 al 2,5 miljard kere verkoop was - dié absolute wêreldrekord. Intersantheidshalwe noem ons nog 'n paar feite:

- die oudste volledige Bybel is die sogenaamde *Codex Vaticanus* wat voor 350 n.Chr. geskryf was en in die museum in Rome bewaar word;
- die grootse Bybel is 1m hoog, 2,5m dik en weeg 547 kg; dit bevat 8048 bladsye van dun hout - deur 'n skrynwerker in Los Angeles gemaak;
- die kleinste gedrukte Bybel is vir die eerste keer in Engeland gedruk; op 878 4,5×3cm bladsye is al 66 boeke opgeneem en weeg slegs 20g.
- die is die boek wat die meeste uit christelike winkels gesteel word.

In die jaar 2010 lees ons (Idea 27.April 2010 en 19 Junie):

- Gedeeltes van die Bybel is in 2.508 tale beskikbaar. Die hele Bybel, ou en nuwe Testament, is in 459 tale beskikbaar. Die NT self kan in 1.213 tale gelees word (1.052 tale in Asië, 703 in Afrika, 512 tale in Noord en Suid Amerika, Europa en nabye Ooste tel 210 tale). Wêreldwyd word omtrend 6.900 tale geskat. Daar is 145 Bybelgenootskappe in verskillende lande, en nogtans ken nog omtrend 350 miljoen mense nie die Bybel in hul moedertaal nie. Daar lê nog 'n groot uitdaging voor ons deur om die Christelike geloof na “die hele wêreld” uit te dra.



Concentrate on the 4 dots in the middle of the picture for about 40 seconds.

Then, take a look at the wall and start blinking your eye. You will see a circle of light ... What else do you see ??!

Dis wat ek bedoel met:

die Woord van God is kragtig en lewendig!

Jy lees en konsentreer op die woorde en verhale;

jy lees mensewoorde en jy vertrou dis ook God se woord,

en as jy verder nadink, opletend is (en jou oë in gebed sluit)

sien jy skielik HOM raak wat in en deur alles werkzaam is.

Maar hoe kan jy HOM waarneem as jy nie lees nie?

Daarom

